

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD**Sondag 26 Februarie 2012**

Oggendiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 98:1 & 2	Bl.488	Psalm 66:1 & 2	Bl.320
2.	Psalm 119:1 & 3	Bl.584	Psalm 38:1, 2 & 17	Bl.189
3.	Psalm 31:1 & 5	Bl.143	Skrifberyming 5-4:1 & 2	
4.	Psalm 23:1 & 3	Bl.107		
5.	Psalm 116	Bl.569		
6.	Psalm 147:1 & 5	Bl.705		

BYBELSTUDIEGROEPE**SONDAG 26 Februarie 2012**19:00-20:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.**WOENSDAG 29 FEBRUARIE 2012**10:00-11:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.**VERKIESING VAN AMPSDRAERS**


Die volgende broeders en suster word ter approbasie aan die gemeente as nuwe kerkraadslede voorgedra:

Diakens:– sr. Rina van der Berg, br. Stefan van der Westhuizen en br. Sarel Jansen van Vuuren.

Ouderling: br. Hannes Pelsner.

Indien hulle die roeping opvolg en daar geen besware teen hulle ingebring word nie, sal hulle DV op 4 Maart 2012 tydens die aanddiens bevestig word. U voorbeding word gevra vir hierdie lidmate met die oorweging van die roeping as diakens en ouderling.

☒ *Die ware Christen het baie om na uit te sien, niks om teen op te sien en niemand om op neer te sien nie.*

**SIMBAAL**

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 26 Februarie 2012

Nommer 6

POSITIEF WEES IS ‘N OPDRAG

Vrees, ang, en bekommernis vul ons lewensdae met nare gevolge.

- ❖ **Vrees** vernietig jou selfvertroue en sekerheid.
- ❖ **Angs** vernietig jou gesondheid en senuwees.
- ❖ **Bekommernis** vernietig jou wil tot sukses.

Al drie hierdie dinge stem jou innerlik tot ’n negatiewe lewensuitkyk want jy kyk nie gebalanseerd na jou lewe en alles wat daarvan deel is nie, jy konsentreer net op die negatief-bedreigende. Die Engelse woord “worry” is afgelei van die Duitse woord “würgen” wat verwurg beteken. Dis wat “worry”, bekommernis doen, dit wurg die essensie van die lewe uit jou uit dat daar niks wat betekenis het vir jou oorbly nie en die toekoms donker en dreigend lyk. Hoe langer jy jou lewe sien vanuit jou angste, vrese en bekommernisse des te langer word jou lewensmoontlikhede dood gewurg en beland jy in ’n groef van pessimisme en swartgalligheid. Na liggaam en siel word jou lewe toegewurg deur bekommernis sodat daar nie ’n asemtoggie van hoop in jou oorbly nie.

Wat staan jou te doen in die lewe wat daaglik vol angste, vrese en bekommernisse is?

Jy sal ang, vrees en bekommernis met **geloof** moet vervang. Jy sal dit moet vervang met jou **geloofswil** om te oorwin oor die sondegebroke wêreld met alles wat negatief en bedreigend is. Onthou die meeste van jou vrese en angste word nie ’n werklikheid nie. Onthou verder dat die lewe voortgaan of jy jou bekommer of nie. Bekommernis begin klein maar groei groter en groter. Dink byvoorbeeld aan ’n digte mis wat 30 meter diep oor 7 stadsblokke lê. Dit bestaan uit 60 duisend, miljoen waterdruppeltjies. Die begin daarvan was een klein druppeltjie wat vermenigvuldig is tot die diep mislaag oor die stad. Moenie jou vrese en angste druppelgewys laat groei tot dit onhanteerbaar is en jou verswelg nie.

Dr. Nico van der Merwe

2.

SIMBAAL 26 Februarie 2012



PREKE VANDAG



Ds. Andre de Jager

Oggenddiens Tema: NADER TOT GOD DEUR NA MEKAAR OM TE SIEN

Lees: Hebreërs 10:19-25

Teks: Hebreërs 10:24-25

Ons samelewing plaas groot klem op individuele prestasies en selfs verantwoordelikhede. Met ander woorde my lewe is my eie en niemand het 'n sê daaroor nie. Dit is daarom baie maklik om aan ons verhouding met die Here ook te dink as 'n individuele verhouding. Met ander woorde iets net tussen my en die Here. En tog... Tog kan ons nie groei in ons verhouding met die Here nie as dit nie is deur ons medegelowiges nie.



Aanddiens Tema: GERED IN CHRISTUS

Lees: Genesis 3:1-7 en Romeine 5:12-21

Teks: Romeine 5:12 en 18

Heidelbergse Kategismus Sondag 3

Alhoewel die eerste vrae van die belydenis duidelik ons sonde uitwys, is dit juis sodat ons moet sien dat ons nie ons verlossing in ons self kan kry nie. Ons moet ons verlossing buite onself soek. En Paulus beskryf ons verlossing en die Een wat ons verlossing wanneer hy in ons teksvers skryf: “Soos een oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense, so het een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot vryspraak en lewe vir almal.”



SIMBAAL 26 Februarie 2012

7.



Die Godsbesluit

Voor die onheilswoning en
tussen die skaars-beblaaarde
soetdorings staan, in droë aarde
maar lowergroen en blink van blad,
die wag-'n-bietjie langs die pad.

Wanneer ek naderkom dan sien
ek dorings krom en reg;
'k sien takke inmekaar gedraai
en deurmekaar gevleg.
En wil ek in die blare gryp
of aan die takke breek,
dan tas ek in 'n doringnes
wat vreeslik haak en steek.

Bo al u donker bome, o Heer,
groei my 'n enk'le reusboom uit
dit is die wag-'n-bietjie-bos
van u besluit.
Van ver so skoon, so groen, so blink...
maar hoe verward
wanneer ek dieper kyk en dink

as wat 'n sondaar pas.
En steek ek dan my hande uit
na u besluit,
dan gryp ek in die dorings vas.

(Totius uit die bundel: *Passieblomme*, 1934)

6. SIMBAAL 26 Februarie 2012

BESOEK - BONSAI-GROEP, PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS, PRETORIA

Die groepie seuns van die President Kruger Kinderhuis, Pretoria, wat deur die Diakonie "aangeneem" is, besoek ons gemeente tydens die naweek van 9 - 11 Maart 2012. Ons is as gemeente bevoorreg om die nege seuns van die *Bonsai-groep*, in ons midde te ontvang. Die Diakonie nooi die gemeente vriendelik uit om die seuns op **Saterdag 10 Maart 2012** op Hannes en Gerty Pelser se **plaas** te ontmoet tydens 'n **bring-en-braai**. Baie gemeentede is reeds betrokke by die Kinderhuis d.m.v. bydraes en bederfpakkies. Dit is dus 'n gulde geleentheid om die seuns en hul versorger, Annelie Neveling, persoonlik te ontmoet. Vir meer besonderhede, kontak Martie Venter (0738263526) of Hanlie Mocke (0837778340).

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds CJ Nagel van Nylstroom na Pietersburg-Suid.
- Ds G Opperman van Brits-Wes na Matlabas.
- Ds W van den Heever van Rietvallei na Zeerust.
- Ds TJ van Vuuren van Heilbron na Elandskraal.

BEROEPE AANVAAR

- Proponent J Nkili na Ikageng.
- Ds HG Schutte van Noord-Oosrand na Wesrand.

BEROEPE BEDANK

- Ds SD de Kock van Potchefstroom-Suid na Matlabas.

- Ds JD Potgieter van Rooihuiskraal na Kuruman.
- Ds PW Kurpershoek van Middelburg Tvl na Durban-Noord.
- Ds PC van Rooy van Komatipoort na Boksburg-Suid

SIMBAAL 26 Februarie 2012

3.

OPVOLG-AKSIE - ONTDEK JOU GAWES-KURSUS

Almal wat die kursus "*Ontdek jou gawes*" in 2011 gedoen het, let daarop dat daar op **Vrydag 2 Maart 2012 om 18h00 in die kerkgebou** 'n opvolggeleentheid sal wees waar groeperinge gedoen gaan word. Dis belangrik dat al die kursusgangers wat die vorige aanbieding bygewoon het, daar sal wees!
"Kom laat ons optrek hiervandaan, om na die Heer se huis te gaan..."
Hennie Venter, Vic van der Walt

ONS GAAN WILDTUIN TOE!

Die Gereformeerde Kerk Rietvallei reël 'n besoek aan die Kruger Wildtuin vir senior burgers (60 jaar en ouer) DV van Maandag 27 Augustus – Donderdag 30 Augustus 2012 in die kamp te Pretoriuskop. Die verblyf sal in 3-bed chalets wees en kos en drinkgoed sal voorsien word. Die koste is R1300 per persoon. Daar is net plek vir 25 persone. Skakel met Ds. Werner van den Heever (082-412-1415).

SUSTERSAAMTREK-Saterdag 10 Maart 2012

Gereformeerde Kerk Klerksdorp

Die susters word hartlik uitgenooi na bogenoemde saamtrek.

Dagfooi: R85 per persoon

Tema: "Gelowig Vrou in die hande van die Pottebakker"

Spreekster: Dr. Maryn Botha, Nasionale Voorsitter, Helpende Hand, Solidariteit.

SKAKEL MET BETS (084-257-9481) OF SANTIE (018-468-3553).
"n Donasie vir Die Vroueblad sal by die saamtrek opgeneem word."

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
26 Februarie	Barmhartigheid	GKSA Emeritaatsversorging
04 Maart	Barmhartigheid	GKSA Die Kerkblad
11 Maart	Barmhartigheid	GKSA Sustentasiefonds

GEMEENTEPROGRAM

Sondag 26 Februarie tot Saterdag 25 Februarie 2012

Sondag 26 Februarie	Oggenddiens/Nagmaal	09:30
Sondag 26 Februarie	Gesamentlike middagete	12:00
Sondag 26 Februarie	Aanddiens	18:00
Sondag 26 Februarie	Bybelstudie in konsistorie	19:00
Dinsdag 28 Februarie	Vergadering diakens	18:00
Woensdag 29 Februarie	Bybelstudie in konsistorie	10:00

TEESKINKBEURTE

Sondag 26 Februarie 2012	Wyke 02 & 04
Sondag 04 Maart 2012	Wyke 04 & 05
Sondag 11 Maart 2012	Wyke 06 & 07

VERJAARDAE

26 Februarie tot 25 Februarie 2012

26 Feb.	Pierre Lindeque	Wyk 19	072-918-7105
27 Feb.	Henriette Fourie	Wyk 17	072-373-3224
28 Feb.	Estelle van der Walt	Wyk 01	018-468-1354
03 Mrt.	Nic Lemmer	Wyk 01	018-468-1334
03 Mrt.	Niël van der Walt	Wyk 04	018-468-6891
04 Mrt	Cobus Booysen	Wyk 12	018-468-1696
07 Mrt	Konstand du Plessis	Wyk 27	083-233-3029
08 Mrt	Hennie Fourie	Wyk 17	082-920-8467
08 Mrt	Miquet Rossouw	Wyk 26	083-679-8614
09 Mrt.	Anna Jansen	Wyk 05	018-468-6175

Van die kant van die gemeente 'n hartlike gelukwensing met jou verjaardag hierdie week.

Die seën van die Here toegebied.



4

SIMBAAL

26

Februarie

2012



SIMBAAL 26 Februarie 2012

5.

LIEF EN LEED



- ♦ **Br. Driaan Venter** het Woensdag (22 Februarie) 'n rugoperasie in Wilmed ondergaan. Ons bid hom spoedige herstel toe en wens vir Louise, Jan-Louis en Joshua, wat hom ondersteun, sterkte toe in hierdie tyd (Wyk 2 ☎ 082-868-9833).
- ♦ **Sr Kotie Bester** is in Wilmed hospitaal met long ontsteking. Volle herstel en beterskap word jou toegewens. (Wyk 11 ☎ 018-468-6159).
- ♦ **Oom Tienie Botha** se susterskind is Woensdag oorlede. Dit is ook Janneman se 1 julle familie in sy Heilige Geente betuig innige meegevoel met julle en rouSMART. Mag die Here julle troos deur (018-468-4930).
- ♦ **Jan en Elsa v** was van ons g besondere wy (Wyk 27 ☎ waer Jan Roos, wat voorheen lidmaat baie ernstig siek met kanker. Op 'n ie gemeente vir julle voorbedding gedoen
- ♦ **Nicola van de** gemeente verig haar voet met 'n quad seergemaak. Die baie gou sal genees en herstel (Wyk 21 ☎
- ♦ Hartlike gelul **Franco**, wat c **en Hanlie Mocke**, en hulle seun, y B.Sc. in Chemiese Ingenieurswese aan



die Noordwes-Universiteit verwerf. Franco is tans besig met sy Meestersgraad. 'n Mooi toekoms word hom toegewens!
(Wyk 23 ☎ 018-468-3671).

Sal ouers van wie die kinders onlangs grade of diplomas ontvang het asseblief SIMBAAL daarvan in kennis stel. Skakel Martie Venter
☎ 018-468-6790.

Spesiale kollekte vir Emeritaatsversorging

Die kollekte wat vandag in die sakkies teen die muur opgeneem word is 'n spesiale kollekte vir Emeritaatsversorging. Dit is 'n fonds om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.